# 2 TESSALONISENSE

# Samevatting van die Brief

- **Volharding onder vervolging en regstelling van verkeerde idees oor die Dag van die Here.**

# AGTERGROND OOR DIE BRIEF

- Wanneer geskryf: **51-52 n.C**
- Skrywers: **Paulus, Silas en Timoteus**
- Gerig aan: **Die gemeente van Tessalonika**
- Tema: **Volharding en Orde**
- Plek: **Die brief is heel moontlik uit die stad Korinte geskryf**

# SLEUTELVERS:

- **2 Tess 2:15 – „**Met dit in gedagte, broers en susters, staan vas! Hou by al die oorgelewerde geloofswaarhede wat julle geleer het, of dit nou deur ons woorde of briewe was.”

# HISTORIESE DOEL

**Historiese doel**

- Om 'n misverstand reg te stel

**Historiese doel**

- Hulle te verseker dat God se heilsplan volgens 'n bepaalde orde verloop

**Historiese doel**

- Om wanorde wat uit verkeerde eindtydverwagtings ontstaan het, soos luiheid en onverantwoordelikheid,aan te spreek.

# GEESTELIKE DOEL

| Geestelike doel | Geestelike doel | Geestelike doel |
| --- | --- | --- |
| ▪ volharding onder druk | ▪ standvastigheid in die waarheid | ▪ 'n gebalanseerde verwagting van Christus se wederkoms. |

# CHRISTOLOGIESE DOEL

## Christologiese doel

- Jesus Christus te openbaar as die regverdige Regter

## Christologiese doel

- Paulus wys dat Christus se wederkoms nie 'n chaotiese of onmiddellike gebeurtenis is wat deur menslike spekulasie bepaal word nie

## Christologiese doel

- Die Regverdige Regter (hfst.1).
- Die Oorwinnaar oor die "mens van verderf" (hfst. 2:8).
- Die Here van die kerk, wat sy volk roep tot standvastigheid, gehoorsaamheid en getroue arbeid (hfst. 2-3).

# CHRISTUS SE TOEKOMSTIGE VERSKYNING GEE BETEKENIS AAN DIE "NOU":

- **Gelowiges leef tussen belofte en vervulling, vas in die waarheid en aktief in gehoorsame diens, terwyl hulle wag op die heerlike openbaring van die Here Jesus.**

# STAAN VAS IN GOD SE GENADE

- 2 Tessalonisense 2:13-17 NLV

"Maar, broers en susters, geliefdes van die Here, dit pas ons om God altyd oor julle te dank. God het julle immers gekies om as eerstes verlos te word. Hy verlos julle deur die Gees wat julle aan Hom toewy en deur geloof in die waarheid. 14Deur die Goeie Nuus wat ons verkondig, het God julle hiertoe geroep sodat julle die heerlikheid van ons Here Jesus Christus kan verkry. 15Met dit in gedagte, broers en susters, staan vas! Hou by al die oorgelewerde geloofswaarhede wat julle geleer het, of dit nou deur ons woorde of briewe was. 16Verder, mag ons Here Jesus Christus en God ons Vader – Hý wat ons liefgehad het en wat ons deur sy genade 'n ewige troos en 'n goeie vooruitsig gegee het – mag Hy self 17julle harte vertroos en julle sterk maak in elke goeie daad en woord."

# PAULUS HERINNER ONS AAN 2 VASTE WAARHEDE:

1. God het hulle gekies
2. God versterk hulle.

# 1. GOD HET ONS GEROEP TOT REDDING EN HEERLIKHEID (VV. 13-14)

# ONS HET 'N EWIGE HOOP WAT VERDER STREK AS DIE UITDAGINGS VAN HIERDIE LEWE

# STAAN VAS IN DIE WAARHEID WAT JULLE ONTVANG HET (VV. 15-17)

# OM VAS TE STAAN BETEKEN OM ELKE DAG DOELBEWUS NABY DIE HERE TE LEEF:

- Deur gebed
- Bybelstudie
- Gehoorsaamheid.

# HOE DIEPER ONS WORTELS IN CHRISTUS GROEI, HOE MINDER SAL DIE STORMS VAN DIE LEWE ONS OMWAAI

- As jy moeg geword het, kom vind nuwe krag in Christus.
- As jy afgedwaal het, kom terug na die waarheid van Sy Woord.
- As jy onseker is oor die toekoms, onthou dat die Here van die toekoms reeds jou hand vashou.